



'n Tyd vir saamwees...

VAN PNP SE FRESH-SPAN

ONS VRUGTE-EN-GROENTEHANDELAAR SE BELOFTE

Ons waarborg vars produkte van topgehalte, voedsaam en propvol geur. Verantwoordelik en met sorg verbou.

ONS SLAGTER SE BELOFTE

Ons is trots op ons kundig voorbereide topgehalte-vleis, van verantwoordelike verskaffers verkry.

ONS SJEF SE BELOFTE

Ons gereed-om-tegeniet-geregte word daaglik met sorg berei en proe tuisgemaak. Net die beste bestanddele van vertroude verskaffers word gebruik.

ONS BAKKER SE BELOFTE

Ons het ons bakmetodes en resepte vervolmaak om brode en gebak met die heerlikste geure en teksture te skep.

ONS VISHANDELAAR SE BELOFTE

Ons topgehalte-seekos word uit verantwoordelike bronne verkry, vars, propvol geur en kundig voorberei – nes jy daarvan hou.

Mense wêreldwyd glo om rondom 'n etenstafel saam te kom uit dankbaarheid en as feesviering, is een van die lewse se grootste plesiere. Om die waarheid te sê, dit is waarom *Kook en Kuier* eintlik gaan.

En hoe graag 'n mens (ek verwys hier na myself) jousef ook al nou en dan verlustig in 'n vyfster-, agt-gang-ete by 'n deftige restaurant met 'n naam wat jy nie kan uitspreek nie, is tuisgemaakte kos my hartskos – en ek vermoed dit is dieselfde vir jou. Daarom is dit vir my só lekker om hierdie uitgawe van *Kook en Kuier* vir jou te bring, oorlopend toe vol geregte wat nie net jou liggaam sal voed nie, maar ook jou siel.

Op bladsy 34 blaas ons kosredakteur, Liezl Vermeulen, nuwe lewe in seekos (totsiens, vervelige Donderdag-issidag) met 'n verskeidenheid indrukwekkende resepte wat geskik is vir weeksaandetes én spesiale geleenthede.

En van familievieringe gepraat, ons vier dié maand 'n paar belangrike godsdienstige feesdae, en daarom het ons 'n paar Ramadaan-lekkernye 'n gesonder baadjie gegee, en op bladsy 88 het ons tradisionele Paasfeesresepte.

En hou 'n gaatjie vir poeding, want hierdie uitgawe sluit ook die allerbeste sjokoladeresepte in (bladsy 43), van ons voorbladsterkoek (wat net 8,5 sekondes lank in die kantoer gehou het ná dit afgeneem is) en heerlike brownies tot die dekadentste lekkernye. Toe... bederf jousef!

JUSTINE DRAKE
REDAKTEUR, *KOOK EN KUIER*

VOLG MY OP

- Twitter @justine_drake
- Instagram @justinedrakecooks
- Facebook @JustineDrakeSA

Hoor hier... As jy kinders van vyf jaar oud of jonger het, wil jy die Wordworks-app aflaai, 'n vennootskap tussen PnP School Club, The Reach Trust en Wordworks. Dié brijlante app bied kinders en ouers prettige en kreatiewe idees oor hoe om op 'n daaglikse basis te praat, speel, sing, skryf, tel en boeke te deel. (Tans slegs vir Android-toestelle beskikbaar.)

BLAAI NA BLADSY

